

ONTMOETINGS MET JESUS

IETS NUUTS (DEEL 2)

'n Troue in Kana

Johannes 2:1-4 Op die derde dag was daar 'n bruilof in Kana in Galilea, en die moeder van Jesus was daar. ² Jesus en sy dissipels is ook na die bruilof toe genooi. ³ Toe die wyn opraak, sê Jesus se moeder vir Hom: "Hulle het nie meer wyn nie." ⁴ Maar Hy sê vir haar: "Waarom sê u dit vir My? My tyd het nog nie gekom nie."

Johannes 2:4(AFR20) Maar Jesus sê vir haar: "Vrou, waarom pla u My? My uur het nog nie aangebreek nie."

Johannes 2:5-11 Sy moeder sê toe vir die kelners: "Wat Hy ook al vir julle sê, moet julle doen." ⁶ Daar het ses klipkanne gestaan vir water wat die Jode by hulle reiniging gebruik het. Elkeen het tussen negentig en honderd liter gehou. ⁷ Jesus sê toe vir die kelners: "Maak die kanne vol water." Hulle het dit tot bo toe volgemaak. ⁸ Toe sê Hy vir hulle: "Skep nou daarvan uit en gaan gee dit vir die seremoniemeester." Hulle het dit gedoen. ⁹ Die seremoniemeester het nie geweet waar dit vandaan kom nie, maar die kelners wat die water uitgeskep het, het geweet. Toe die seremoniemeester die water proe wat wyn geword het, roep hy die bruidegom ¹⁰ en sê vir hom: "'n Mens sit gewoonlik eers die goeie wyn voor, en as die mense goed gedrink het, dié van swakker gehalte; maar jy het die goeie wyn tot nou toe teruggehou." ¹¹ Hierdie eerste wonderteken het Jesus in Kana in Galilea gedoen. Hy het daardeur sy heerlijkheid laat blyk, en sy dissipels het tot geloof in Hom gekom.

'n Groter en Beter Troue

Johannes 1:14 Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid.

Johannes 20:31 Maar hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê.

Jesaja 25:6 Op hierdie berg gaan die Here die Almagtige 'n feesmaal gereed maak vir al die volke, 'n feesmaal met die beste om te eet en te drink, goeie kos en geurige wyn.

Jesaja 25:8 Hier sal die Here God die dood vir ewig vernietig, en die trane op almal se gesigte afvee...

Openbaring 19:7 Laat ons bly wees en juig en aan Hom die eer gee, want die bruilof van die Lam het aangebreek, en sy bruid het haar daarvoor gereed gemaak.

Openbaring 19:9 ...Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is.

Openbaring 21:4-5 Hy sal al die trane van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan." ⁵ Toe sê Hy wat op die troon sit: "Kyk, Ek maak alles nuut."

Psalms 34:9(AFR53) Smaak en sien dat die HERE goed is...

Psalms 34:9(AFR20) Beproef dit en ervaar: Die Here is goed, gelukkig is die mens wat by Hom skuil.